

NG GEMEENTE DRIE RIVIERE-OOS
VAKATURE: JEUGWERKER

Die NG Gemeente Drie Riviere-Oos het die voorreg om ‘n Jeugwerker aan te stel om die hand van die gemeente te vat in die geestelike bediening van die jeug van ons gemeente, binne hulle unieke leefwêreld.

In diepe afhanklikheid van ons Here bied die NG Gemeente Drie Riviere-Oos die geleentheid aan ‘n energieke gelowige persoon wat ‘n sterk roeping ervaar om met voorskoolse, laer- en hoërskool leerders, tieners, studente en jong werkendes te werk!

VAN DIE JEUGWERKER WORD DIE VOLGENDE VERWAG:

- Om die jeug (in verskillende lewensfases) in gesinsverband, kreatief te bedien.
- Om saam met die leraar ‘n sterk gesinsbediening te vestig.
- Die jeug in dié gemeente moet prioriteit geniet en daarna kan die jeugwerker wyer bedien.
- Alle jeugkampe en jeugprogramme te reël.
- Om die Kleuterkerk, Laerskool- en Hoërskoolkategese te koördineer en lesmateriaal te voorsien.
- Vrywilligers wat by die jeugaksies betrokke is te werf en toe te rus.
- Kinderpinkster saam met die leraar te reël.
- Een vakansieprogram per jaar by die gemeente aan te bied.
- Om saam met ‘n jeugspan verantwoordelik te wees vir die bestuur, administrasie en ontwikkeling van die totale jeugbediening.
- Musikale vaardigheid sal ‘n bate wees.
- Hanteer een tienerdiens per maand.
- Jeugwerker **moet** ‘n lidmaat van een die Gereformeerde Kerke wees.

KWALIFIKASIES EN ONDERVINDING: Vorige ondervinding in Jeugwerk en ‘n gepaste Graad in Jeugwerk sal in jou guns tel. **Aansoeke kan elektronies** gerig word aan die Skriba by **info@ngk3ro.co.za** en moet die **Kerkkantoor nie later as Woensdag 9 Januarie 2019, bereik nie.**

Aansoeke moet vergesel word van ‘n kort twee tot drie bladsy-CV met gepaste inligting en ten minste drie referente. Kandidate moet beskikbaar wees vir ‘n onderhoud, indien versoek.

VERGOEDING: Die totale koste van indiensneming vir die pos beloop R20 000 per maand, asook ‘n 13de tjek. Die suksesvolle kandidaat is self verantwoordelik vir sy/haar eie medies en behuising.

Sluitingsdatum vir aansoek: 9 Januarie 2019
Beoogde aanstellingsdatum: 1 Februarie 2019

Rig navrae aan: Ds Chris Olivier - 016 423 3130 / 082 518 0852, **chrismar@mweb.co.za**

Die Kerkraad behou die reg voor om nie ‘n aanstelling te maak nie.